SLAGOS KOMPETISIES, RTU SKANDERINGS & NFI TOETSE

Eerstens baie dankie aan die Santa telers wat vanjaar weer aan Slagos kompetisies deel geneem het. Geluk ook met die wen karkasse op Moorreesburg en Delareyville. Wil net graag interessante punte uitlig omdat ons ras besig is met Genomika of ook bekend as die BGP program. Van die Santas wat ingeskryf was op Delareyville het vier van die diere die NFI toets gedoen by Armoedsvlakte toetsstasie op Vryburg.

Die ras gemiddeld se EBV's vir karkas eienskappe is as volg:

Rasgemiddeld RTU skanderings

EMA +0.4
Rib vet -0.1
Kruis vet -0.1

Wenkarkas RTU skanderings

EMA +0.6
Rib vet +0.2
Kruis vet +0.1

Die marmerings indeks op die dier was 117.

Die vraag is hoe weet ons wat is die lewendige dier se karkas eienskappe? Die enigste manier is om RTU skanderings te doen. Die ander drie diere se RTU skanderings was negatief en het heelwat swakker gedoen. Die kommentaar op die wen karkas was ook dan dat daar nêrens punte afgetrek kan word vir vet verspreiding nie (Samic). Indien ons na karkasse kyk in geheel sal ons sien dat vet verspreiding oor die karkas heelwat plek het vir verbetering en dit kan ons doen deur geneties vir die regte diere te selekteer. Foute kan nie in die voerkraal toe gevoer word nie. Die oorerflikheid van karkas eienskappe is redelik hoog, en daarom kan geselekteer word vir dit. Die korrelasie tussen wat gemeet is met RTU skanderings en dit wat aan die hak hang is ook redelik hoog. Wat verder van belang is dat die vier(4) diere **geen groei hormone** ontvang het nie en dat dit suiwer genetika is wat aan die hak gehang het. Dus, die Santa Gertrudis beskik oor die regte gene.

Wat verder ook interessant is, is dat die spesifieke dier 'n silwer meriete toekenning gekry het omdat hy dan ook gekwalifiseer het vir Fase C, daarby het hy ook 'n baie goeie RFI syfer van -1.023. Sy indekse by Fase C was as volg; GDO 100, GDT 99, VOV 103. Kyk ons na die algehele data van die dier, sien ons dat hy in die beter geldmaker (moneymaker) groep is, met ander woorde 'n goeie GDT en 'n negatiewe RFI syfer sorg dat die eienaar glimlag bank toe, want hy maak wins. Dit is wat ons tog almal wil maak.

Genotipies en Fenotipies kan ons die regte goed bymekaar bring. Kom ons werk daaraan, ons beskik oor 'n unieke ras wat baie goeie eienskappe besit en ons moet dit vertel en bewys aan voornemende telers, speenkalf boere, voerkrale en die verbruiker. Santa Gertrudis is die wins maker bees.

Vir meer inligting om 'n NFI toets te doen skakel gerus vir Martin by 072 424 3628 of Gert by 076 097 2548.

NS. Indien u RTU skanderings wil doen, dit word op die plaas gedoen manlik sowel as vroulike diere en moet tussen die ouderdom van 400 tot 700 dae wees. Tref reëlings met u naaste LNR (ARC) toetsstasie.